

Lekkerbekkie Nuusbrief

27 AUGUSTUS 2014 | UITGAWE 70



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Roger gaan op reis
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Roger gaan op reis deur Anna Emm

Roger is 'n klein seuntjie wat saam met sy mamma in 'n woonstelletjie in die stad woon. Seuntjies wat in woonstelletjies woon het nie lekker groot tuine waarin hulle kan speel nie. Elke dag loer Roger met sy verkyker by die woonstel se venstertjie uit na die wêreld daar buite. Dan wens hy hy kon op reis gaan – 'n reis reg rondom die wêreld – om te gaan sien wat daar is om te sien.

Op 'n dag pak Roger se mamma 'n piekniek-mandjie en sy sê vir Roger: "Kom ons tweetjies gaan hou piekniek in die parkie. Jy kan jou verkyker saambring as jy wil."

Dis baie lekker in die parkie, en toe Roger en sy mamma klaar geëet het, vra Roger: "Kan ek 'n bietjie op reis gaan, Mamma? Ek wil graag gaan sien hoe die wêreld lyk."

"Moenie te ver gaan nie," sê Roger se mamma, en sy vat haar boek om te lees.

Terwyl Roger se mamma lees, loop Roger met sy verkyker al in die paadjie af. Hy kyk tussen die bome deur, en hy kyk oor die parkie se muurtjie, en hy kyk tot doer anderkant die dammetjie. Deur sy verkyker sien Roger 'n eekhorinkie wat 'n akkertjie na sy huisie dra.

"Hmm," sê Roger. "Ek sien 'n eekhorinkie in Eekhorinkieland daar ver anderkant die hoogste bome."

Hy stap verder en deur die verkyker sien Roger 'n goue vissie in die dam se water swem.

"Haai," sê Roger. "Ek sien 'n goue vissie in die Land Van Water daar oorkant die groot see."

Hy stap verder en deur die verkyker sien Roger 'n rooi ballon hoog bokant die muurtjie in die lug.

"Kyk net," sê Roger, "daar sien ek 'n groot rooi son in Ballon-land anderkant die berge."

Roger kyk deur sy verkyker en hy kyk. En dan sien hy iemand daar doer anderkant wat met 'n boek op 'n kombes op die gras sit. Die iemand is baie mooi, en sy glimlag vriendelik vir hom en waai.

"Ek sien my mamma in Piekniekland," lag Roger, "en ek dink ek gaan nou soontoe reis, en vir haar gaan kuier op die piekniek-kombes!"

In Piekniekland sit Roger se mamma haar boek neer. Dan vat sy Roger se handjie, en hulle gaan koop vir hulle parkie-roomyse in die Land Van Roomyskarretjies. Nadat hulle die roomyse geëet het, gaan hulle terug na hulle woonstel toe.

"Ek dink ons moet elke middag op reis gaan, Mamma!" lag Roger, en hy bêre die verkyker veilig onder sy kussing. Hy het vandag sommer baie van die groot wêreld daarbuite gesien!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Die sterkste dogtertjie in die hele wêreld...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ontmoet vir WIESIE WASSIE – die sterkste dogtertjie in die hele wêreld. Niemand weet waar sy vandaan kom nie, die seerower sê sy het een oggend net... uit die lug uit geval! Maar almal stem saam dat dit baie handig is om so 'n sterk dogtertjie naby te hê. Stories op die CD: 1. Wiesie Wassie en die koning. 2. Wiesie Wassie en die reus, 3. Wiesie Wassie en die dinosaurus, 4. Wiesie Wassie en die seerower

Bestel jou “Wiesie Wassie” CD nou by 'n AnnaEmm agent en betaal slegs R80 (geldig tot 1 Sept 2014), of bestel dit direk by ons teen die gewone prys: (R90) - 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za
Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.



**Nou
slegs
R80!**

Gewone prys R90
Geldig tot 1 Sep.

annaemm
kinderstories

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Roger gaan op reis illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za